

Annexure A Co Researcher A Interview 2

O1/A2: D dankie ek en jy weer kan gesels, ek het ons eerste gesprek vir jou gegee die volle vyftien bladsye. En ek hoop jy het jouself daarin “gevind”. (Gelag) Nee , waarom ek vandag met jou wil gesels is ‘n opvolg gesprek oor die eerste een. Die beginsel waarop ons werk is dat jy het nou jou storie vir my vertel. Toe het ek jou storie uitgetik en jy het daarna “geluister” en nou wil ek amper van jou vrae wat dink jy van jou eie storie?

D1/A2: Toe ek deur hom gelees het het ek nogal besef ek het nie so sleg gedoen nie! Soos wat ek gedink het ek het gedoen nie. Uhm met die hanteering en so van die nodige goetjies. Jy weet soos daai dag toe ek weg is, ek het dit sleg gevat en so, maar ek het myself maar net forseer om weer aan te gaan. Dit is ‘n ding van, ek dink dit het baie met mens se risileance te doen, jy weet, daai ding van jy kan cope as ‘n ding na jou kant toe gegooi word. Alhoewel dit moeilik was, het ek besef, nadat ek dit gelees het het ek besef ek was eintlik okay gewees!

O2/A2: Dit is eintlik ‘n fantastiese ding wat jy nou sê, wat jy nou sê is die feit dat dit swaar is , die feit dat daar probleme is is eintlik ‘n gegewe.

D2/A2: Ja, jy is reg, dit gaan jy altyd kry.

O3/A2: Maar die feit “Hoe” jy dit hanteer het , het jou eintlik beindruk toe jy na jou eie storie kyk!

D3/A2: Ja, Yes!

O4/A2: Jy het eintlik toe gevoel dit het beter gegaan as wat jy self gedink het.

D4/A2: Dis reg.

O5/A2: So eintlik was dit ‘n goeie proses om weer na jou eie storie te kyk. Onthou ek kyk nou spesifiek na coping skills, jou hanteerings vaardighede was op die ou end goed gewees, dit is wat jy vir my sê.

D5/A2: Ja.

O6/A2: Ek hou daarvan. Wat anders het jou opgeval?

D6/A2: Toe ek terug gekom het van daar af, en selfs toe ons die gesprek gevoer het het ek nie 'n behoefte gehad om terug te gaan nie. Maar toe ek dit gelees het, en gesien het dit was eintlik okay gewees! Toe het ek actually, weer daaraan begin dink dat ek sal dit moontlik oorweeg om weer te gaan! En ook omdat R baie swaar gekry het toe ek weg was, ons het nou bietjie daarvoor geself en sy het gesê sy sal nie 'n probleem daarmee hê as ek weer gaan nie. So jy weet R het regtig baie swaar getrek terwyl ek weg was, maar selfs sy het gesê dit is fine. Die nodige ondersteunings stelsels was in plek gewees by die huis en ook die feit dat ons so baie kommunikasie van daai kant gehad het maak dit baie makliker, ja.

O7/A2: So die genoegsame kommunikasie is definitief 'n sterk punt.

D7/A2: Dit is 'n absolute moet! (Baie definitief) Mens kan nie daarby verby kom nie.

O8/A2: Daar moet ek met jou saamstem en dat feit dat jy nou weer jou eie ondersteuningsstelsels sien, en weet dat dit gewerk het maak dit vir jou makliker om te sê "Ek sal weer gaan" en ek weet ek gaan dit maak.

D8/A2: Ja! Yes. (Knik kop instemmened)

O9/A2: Sou jy dit doen, wat sal jou motivering wees?

D9/A2: Geld. (Lag verleë)

O10/A2: Jy moet eerlik wees, nie noodwendig om Afrika te red nie maar oor 'n persoonlike voordeel in terme van finansies?

D10/A2: Ja! Dit sal meer 'n persoonlike voordeel wees as enige iets anders! Want ek meen niemand kan sê hulle werk hul self dood in die missie area nie. So dit gaan nie vir my daarvoor nie,... ek gaan nog steeds om 'n diens te lewer, my premere taak in die weermag. Maar daar is tog ook 'n finansiële gewin daaraan. Dit is nou nie so baie soos wat baie mense dink nie, maar dit kan darem 'n badkamer oordoen of 'n paar kombuiskaste beteken of wat ookal. So daar is gewis 'n finansiële gewin ook daarin.

O11/A2: Jy het hier vir my skriftelik 'n opmerking gemaak waar jy sê dat daar geen ondersteuning van jou departement se kant of was nie behalwe 'n

vriendin kollega maar op derektooraat vlak. Maar op derektooraat vlak geen ondersteuning nie?

D11/A2: Ja dis reg.

O12/A2: Hoe oplosbaar dink jy is die probleem van ondersteuning op daai vlak? Of is dit net 'n persoonlike behoefte wat so hoog is dat die departement nie regtig dit kan gee nie? Hoe prakties is daai steun wat ons hier van praat?

D12/A2: Ek dink dit hang van die persoon af wat in daai mags posisie sit, of in daai posisie sit wat eintlik verandwoordelikheid moet neem daarvoor, uhm, jy weet ek het byvoorbeeld toe ek terug is weer, na my ontplooiing het my area bestuurder gesê "Oh sy het my 'n paar keer probeer bel, maar sy weet nie of sy die regte nommer gehad het nie!"

O13/A2: Sjoe!

D13/A2: Ja, hulle het byvoorbeeld vir L gebel 'n kollega van my wat my relatief gereeld geskakel het. Dan bel hulle vir haar om uit te vind waar ek is.

O14/A2: Maar sy is eintlik jou koördineerder of area bestuurder.

D14/A2: Ja, dis reg yes. Maar ek moet sê van die formasie se kant of wat eintlik die ontplooiing ondersteun het ek in die vier maande so twee oproepe ontvang. Maar Maj Hartslief het vir R nogal relatief gereeld gebel.

O15/A2: So daar was plaaslik ondersteuning, wat tog belangrik is?

D15/A2: Yes, Ja. Maar net van daai vlak of, net van die derektooraat se vlak af, dit is eintlik sleg want die deriktooraat ondersteun eintlik mission support aan die families as hulle soldate ontplooi is, maar hulle het dit nie self toegepas op hulle eie mense nie!

O16/A2: Ek hoor eintlik twee goeters hier, dat die ondersteuning is op 'n netwerk vlak van persoonlike kontak, so jou eie ondersteunings stelsels kyk na jou of jou mense.

D16/A2: Ja, dis reg.

O17/A2: Maar nie teenstaande die feit dat hulle primere taak ondersteuning is, het hulle, hul eie mense nie ondersteun nie?

D17/A2: Dis reg ja! (Stem beslis saam). Dis baie hartseer.

O18/A2: Die hartseer is dat jy nie die eerste persoon uit jou difisie is wat dit met my deel nie.

D 18/A2: Dit is eintlik ontstellend.

O19/A2: Dit maak dit ontstellend. Dink jy daar is begrip en insig daar of is dit oorlading, of is hulle net nie lus nie? Waaraan sal jy dit toeskryf? Ek weet dit is 'n baie moeilike vraag.

D19/A2: Ja dink dit is 'n gebrek aan beplanning, want as ek dink, kom ons downsize dit nou bietjie, na die eenheid heirso toe, ek meen ek het my lers hier in die kantoor waarin die mense is wat ontplooi is, en ek maak 'n punt daarvan om hulle families eenkeer 'n maand te bel. Dit vat jou 'n halfuur, so dit is nie regtig so iets moeilik om te doen nie. Maar van ons departement se kant af is dit regtig 'n gebrek aan beplanning, want nie eers al my kollegas het op daardie stadium eers geweet dat ek ontplooi is nie. Jy weet dan kom jy terug na die vier maande en dan sê hulle "Ons het jou gesoek waar was jy gewees? Daar was mense wat ons gebel het om hulp te kry, Waar was jy gewees?" "Ek was ontplooi gewees!" So jy weet die kommunikasie van die area vlak of na boontoe en ook na die onderste gedeelte toe is nie voldoende nie.

O20/A2: Wat ek ook gehoor het wat ek graag wil toets aan jou is dat 'n spesifieke persoon NIE 'n spesifieke opdrag het om te kyk nie.

D20/A2: Nee, dis reg, (Baie entoesiasies val my byna in die rede)

O21/A2: Want jy weet jy moet na X van 140 Eskader kyk dan doen jy dit.

D21/A2: Dis reg, ja!

O22/A2: Maar as jy dink dit is my werk en ek dink dit is jou werk dan gebeur dit nie.

D22/A2: Ja, dan gaan niemand dit doen nie, daar is nie 'n spesifieke persoon wat mission support doen nie as die mense weg is nie.

O23/A2: dit is wat ek ervaar het dat dit nie noodwendig 'n gebrek aan die vertaan en noodsaaklikheid daarvan is nie, maar dat 'n individu nie getaak word om te sê jy sal dit doen nie.

D23/A2: Dis reg ja, en die ironie agter dit is is dat daar alreeds van ons bestuursvlak mense op area level was ook al ontplooi gewees. Met ander woorde hulle besef self hoe belangrik is ondersteuning as mens daar is van dierdie kant af, en nog steeds is dit asof... mens kry die gevoel dat dit nie regtig vir hulle 'n saak van erens is nie. Die ou word daar dedump vir drie maande en hy moet nou maar net op sy eie aangaan. So dit is nogal sleg. (Baie ernstig)

O24/A2: In ons vorige onderhoude het jy die opmerking gemaak dat dit jou gehelp het om die prosese van waar jy staan te verstaan, en ek het nou weer amper iets nou weer iets daarvan gehoor dat om weer daarna te kyk, het jou gehelp om te verstaan dat dit eintlik met jou beter gegaan het as wat jy gedink het.

D24/A2: Ja, dit is so.

O25: /A2 Maar jy het ook gesê dat hierdie siklus eintlik vir ouens gegee moet word om op te swat.

D25/A2: Ja.

O26/A2: Hoeveel invloed het die verstaan van wat gebeur, op die vermoë om te hanteer wat gebeur?

D26/A2: (Lang stilte) Om nou vir jou 'n praktiese voorbeeld te gee, ek het 'n klient wat ek op die oomblik sien wat se man in Lohatla sit. En sy het net mooi dit wat ek gedink het baie gestaaf toe ek nou die aand toe ek daar was. Toe sê sy vir my "Haar man kom nou wel vir naweke huistoe, maar elke keer is dit weer 'n aanpassing van voor af" en jy weet dit is vir hom ook moeilik om terug te kom en wer weg te gaan. En na die kursus of na die ontplooiing is dit baie moeilik om weer aan te pas in die huishouding.

Waar die praktiese gedeelte daarby aansluit is as mens daai siklus verstaan en dit word aan jou verduidelik en jy pas dit actually toe in jou lewe. Dan sal jy verstaan die fases waardeur jy gaan is nie net op jou van toepassing nie. Daar is baie ander ouens wat ook daardeur gaan. En ek dink as mens kan gaan sit en jy kan praat oor daai siklus en jou ervaring en dinge deel dan gaan dit dit vir jou makliker maak aan die einde van die dag. En ook as mens

net klein tips en goeters wat mens kry toepas soos byvoorbeeld as jy terugkom van gesteld die missie area af moenie net onmiddelik in jou rol wil instap in die huis nie. Jy moet jou self 'n kans gee om weer aan te pas en jy moet jou huis mense weer 'n kans gee om aant e pas. En ek dink dit is wat dit ook baie makliker vir my gemaak het , want ek het weer teruggekom na my ontplooiing en ek het ontrent daai eerste week 'n passiewe rol in die huishouding gespeel. Net om weer te sien hoe werk dinge en wat gaan vir wat en nie net alles te wil oorneem nie.

O27/A2: So jou kennis van die proses het dit defnitief makliker gemaak?

D27/A2: Dis reg , absoluut!

O28/A2: Reg. Jy het ook op 'n stadium 'n opmerking gemaak oor 'n dagboek wat jy gehou het? Watter rol het jou dagboek gespeel in jou hanteerings vermoë?

D28/A2: Ja. Ek dink die dagboek het baie die selfde soort effek gehad soos die onderhoud wat ons gehad het. Die die feit dat ek weer die onderhoud gelees het , het mens weer bietjie tyd gehad onm te reflekteer. Net om te sien hierdie was soos ek toe gevoel het maar die volgende dag het ek actually baie beter gevoel. Mens het so bietjie gegroei in daai proses. Jy weet dit laat jou besef ek is eintlik okay!

O29/A2: Dit is lekker om dit te weet.

D29/A2: Ja dit is.

O30/A2: Dan het jy op 'n stadium toe ons oor jou geloofs demensie gesels het iets gesê wat my uit die praktiese Teologie graag daarna wil laat kyk. Maar wat ek by jou hoor is dat jou persoonlike geloofservaring het funksioneer maar dit is nie deur die kapelaansdiens ondersteun nie? Ek weet nie of jy dalk so bietjie oor jou geloofservaring wil uitbrei nie? Ek sal ook graag oor die rol in geloof indien in jou ondersteunings stelsels wil praat.

D30/A2: Uhm. Ek wil weer sê geloof is 'n geweldige persoonlike ding. Ek wil weer sê dat ek dink geloof is 'n geweldige persoonlike ding en mens sit jou self basies in 'n roetine in met geloof en dinge. Ek dink nie mens moet geloof in 'n boksie plaas nie. Dit is wat ek daar besef het my godsdiens in nie daar tot die kerk beperk nie. Die feit dat ek Sondae in die kerk sit dit is nie tot dit beperk nie. En mens kan nog steeds groei al kan jy nie vir vier maande elke dag in die kerk kom nie. Jy het wel daai aspek nodig, maar jou grondslag moet defnitief gevestig wees om jou self te kan dissiplineer.

Want ek meen godsdiens is maar ook dissipline en self respek. Al daai basiese values wat mens basies het. (Telefoon lui)

O31/A2: Die persoonlike demensie is defnitief so, wat jy ook gesê het is jy moet 'n fondament hê om daarvan af vorentoe te kan bou.

D31/A2: Ek wil ook net sê van die kapelaansdiens se kant af ...okay ek kan nou nie sê van die kapelaansdiens se kant af nie.

O32/A2: Van die individue.

D32/A2: Ja van die individue wat ook daar was, die kapelaan wat in XXXX was het mens half laat voel jy moet sy dienste bywoon en hy het jou ook daarvoor gekonfronteer. Hy het dienste en goed gereël buite die basis en dit is nie veilig om buite die basis op 'n Sondagmiddig, as niemand weet waarheen jy gaan in 'n bus te klim en net eenvoudig 'n kerk saam met 'n Kongolese gemeente te gaan bywoon nie. Jy weet (Lag skamerig) ek het genoem van die Kongolese gemeentes, hul geloofs samestellings is baie, baie ... Jy weet ek weet nie hoe om dit te stel nie?

O33/A2: Afrika?

D33/A2: Ja baie Afrika. Hulle het geen kerk waar hulle bymekaar kom en gaan sit nie, hulle sit sommer daar iewers in die bos en hou kerk. Wat ook verstaanbaar is want so 10 jaar terug is alles platgeskiet, so daar is nie eintlik 'n plek om kerk te hou nie. En ek weet geloof is nie tot 'n gebou beperk nie, maar tog...

O34/A2: Dit is kultureel vreemd?

D34/A2: Ek is reg ja, maar dit het mens ook daai tikkie onsekerheid gegee, gaan ek veilig wees? Ek hou nie daarvan as ek nie in beheer kan wees van 'n situasie nie. Dit is nie dat mens 100% beheer moet uitoefen nie, maar mens wil tog in 'n mate veilig voel. Die dienste was in elke geval in 'n ander taal gewees. Miskien so die ervaring "Nice" gewees het om een keer of so te gaan maar ek was net nie bereid om my self daaraan bloot te stel nie. So.

O35/A2: Dit kan ek verstaan. Jou samewerking met die "caregivers" dan praat ek spesifiek van die kapelane, die maatskaplike werkers.

D35/A2: Ja.

O36/A2: Hoe was julle samewerking in terme van julle ondersteuning vir mekaar? Hoe was daai interaksie?

D36/A2: Ek en hy het baie lekker gesels met tye. Ons het baie goed afgeskop, maar hy het op een stadium 'n besluite wat ek geneem oor 'n lid wat moes terug kom Suid-Afrika toe oor een of ander bank krisses of iets het hy heeltemal die kanale geskiep en na een of ander generaal gegaan wat hier in Suid-Afrika gesit het en dit het vir hom op die ou einde baie moeilikheid in die sak gebring. So na dit was daar nie meer heeltemal 'n vertrouens verhouding tussen ons gewees nie, want hy was die een wat die heelyd gesê het maar ons moet saamwerk, ons moet lekker kan saamwerk. Maar die oomblik toe ek 'n aanbeveling gemaak het en hy nie daarmee saam gestem het nie, het hy heeltemal bo-oor my kop gegaan en sy eie reëlings en goeters begin tref.

O37/A2: Wat toe nie gewerk het nie?

D37/A2: Dit het gladnie gewerk nie en heeltemal gebackfire teen hom. Hy is op die ou einde aangekla vir ondermeining of iets. Ek kan nie meer onthou nie.

O38/A2: Die kapelaan of die lid?

D38/A2: Die kapelaan.

O39/A2: Oeps.

D39/A2: Dit het toe nogal 'n suur smaak in sy mond gelos.

O40/A2: Dit kan ek verstaan. Ja dit is 'n onaangename insident en dit het julle werksverhouding geaffekteer.

D40/A2: Defnitief! Maar dit was eers hier aan die einde toe gewees, ek sal sê daar was toe nog so maand oor gewees. Maar oor die algemeen het die twee van ons as mense baie goed klaargekom, maar sodra dit by die godsdienste issues uitgekom het was dit 'n vlak waarop ons nie beweeg het nie. Net soos ek in my onderhoud ook gesê het, ek weet nie of dit 'n algemene tendens is onder die Afrika kerke nie, maar dit voel vir my of daar meeste van die tyd ook maar 'n politieke konnektasie daar is. Miskien is dit net so omdat

mens voel daar is 'n geopsweepery in die diens, o dit bou op en op die einde van die dag is dit asof hulle heeltemal van die punt afdwaal. Which is fine maar jy moenie die boodskap op die ou einde van die dag compromise nie.

O41/A2: So jy het daai ervaring gehad, dat daar wel 'n onderliggende politieke stroming is?

D42/A2: Ja verseker.

O43/A2: As jy na die ander caregivers kyk dokters,sielkundiges, verpleegkundiges?

D43/A2: Daar was 'n verpleegkundige met wie ek baie goed klaar gekom het, ons het baie lekker saam gewerk. As daar byvoorbeeld 'n geval was van 'n ou met hoë stress vlakke het sy die vrymoedigheid gehad om die persoon na my toe te verwys. Daar was nie dokters of sielkundiges op die basis gewees nie, so die multi profesionele span was dus maar beperk tot my en die kapelaan en die suster gewees. Ons het maar net 'n baie basiese siekeboeg gehad daar.

O44/A2: Die effektiwiteit daarvan (Multi-profesionele span) is tot 'n mate tog aan persoonlikhede gekoppel.

D44/A2: Dis reg, absoluut. Ek wil net sê as jy regkom is dit wonderlik maar as jy nie regkom nie dan kan dit in 'n nagmerrie ontaard. Maar ek meen mens kan dit ook nie altyd noodwendig voorspel nie. En wat dit ook in daai situasie, in die ontplooiings gebied moeilik maak is dat omdat mens in so nou situasie saamwerk is jy basies 24 uur in mekaar se geselskap maak dit , dit ook moeilik om dit op 'n profesionele vlak te hou, veral as daar persoonlike gevoelens en dinge betrokke raak. Dit maak dit baie moeilik om dit profesioneel te hou.

O45/A2: Ek dink wat jy nou sê is een van die belangrikste dinge in terme van die coping skills is die nabyheid van jou persoonlike emosionele wêreld en jou profesionele wêreld.

D45/A2: Ja, jy is reg. (Stem tydens opmerking saam).

O46/A2: En om konsekwent tussen beide te funksioneer, is eintlik die uitdaging van ontplooiing.

D46/A2: Ja, yes, die ironiese ding is dat as maatskaplike werker word daar van jou verwag om die heelyd 'n neutrale rol op jou eie te hou. Daar word van jou verwag om nie regtig met die res van die mense te meng nie. So jy moet maar basies daar in jou eie hoekie gaan sit en broei en maar net op jou eie cope.

O47/A2: Is dit 'n verwagting wat jy in jou self gehad het of is dit 'n verwagting wat vir julle gesê word tydens julle opleiding?

D47/A2: Dit is 'n verwagting wat tydens opleiding gesê word en dit is menslik net nie moontlik nie! (Defnitief)

O47/A2: Dit is menslik net nie moontlik nie.

D48/A2: Ja, dit is nie moontlik nie en dit maak dinge net baie moeilik. (Baie instemmend)

O49/A2: Hoe sal jy sê is daardie selfde verwagting op die ander 'caregivers' van toepassing?

D49/A2: Ek dink miskien is dit in 'n mate ten opsigte van die kapelaansdienste ook 'n verwagting. Want dit word maar altyd verwag dat 'n kapelaan neutraal moet wees. Daar is 'n defnitiewe verwagting dat 'n kapelaan moet neutraal bly en nie kant moet kies nie en nie sy eie standpunt; Uhm jy weet. Want die oomblik as mens dit doen, mens sit in 'n baie volubile situasie daar net een verkeerde ding wat jy sê kan jou totale ontplooiing ru-uneur. Maar ek dink wat die dokters en die ander mediese personeel aanbetref maak dit nie regtig saak nie.

Maar wat ek ook agter gekom het is omdat ek en die suster baie goed oor die weg gekom het, ek meen ons het altwee baie goeie vertroulikheid ten opsigte van ons werk gehandhaaf. Maar ek het ondervind dat die lede tog nog steeds bang was dat ons hulle stories met mekaar gaan deel. Byvoorbeeld as 'n ou daar instap met seksuele oordraagbare siekte dan was hy bang dat sy dit vir my gaan sê. Maar daar was nooit so 'n vloeï van inligting gewees nie. Maar daar was steeds die verwagting.

O50/A2: Die verwagting was daar. Jy het 'n baie belangrike opmerking gemaak van die verwagting wat daar is dat jy maar net op jou eie moet cope, dat jy maar net op jou eie moet aangaan en dat dit nie regtig realisties is nie. Ek begin wonder of dit nie is hoekom ons caregivers so swaar kry nie?

D50/A2: Ja, dit het baie daarmee te doen.

O51/A2: Dit is juis hierdie isolasie en veral wanneer hulle dan nie 'n span is wat saam werk nie, dan is daardie isolasie geweldig!

D51/A2: Ja. Dit is so die isolasie kan geweldig wees

O52/A2: As jy nou so in die algemeen luister, watter raad sal jy nou vir iemand gee wat nog nooit daar was nie? In die lig van waar jy nou sit?

D52/A2: Ek sal sê mens moet regtig eers sorg dat jou eie huis in orde is!

O53/A2: Iemand met moeilikheid moenie ontplooi nie?

D53/A2: Yes. (Knik instemmend) Daar is nie 'n manier nie, kyk as jy en jou vrou huweliksprobleme het moenie gaan om weg te kom van haar af nie, want dit gaan erger word. Dit is nou maar net so! Mens moet ook nie 'n idealisties beeld hê van sagte musiek wat speel en alles is smooth going jy weet soos die tipiese Hollywood movies, se scenes en goeters nie. Maar mens moet jou huis in orde kry en dinger tussen jou en jou maat, of tussen jou en jou man moet sterk genoeg wees, want 'n mens se verhouding vat 'n knock. Ek meem as mens vir vier maande lank mekaar nie gesien het nie, daar is nog steeds gaps wat jy moet weer moet opvul as jy terugkom. Maar ek dink as jou verhouding sterk is gaan dit baie makliker wees om daai gaps te oorkom. So ...uhm... ek dink dit is 'n baie belangrike ding.

O54/A2: Ek dink jy is reg, daar is gaps. Ek verstaan wat jy daar sê. Net verlede week praat Elzeth van 'n fliëk wat ons gesien het, ek sê ek het nooit die fliëk gesien nie, sy sê ons het almal die fliëk gesien. En toe kom ons agter hulle het almal die fliëk gesien toe ek op Antartika ontplooi was. (Lag lekker) So ek verstaan wat jy daarmee sê en dit is al tien jaar terug en skielik spring daar weer 'n gap op.

D54/ A2: Dis reg, net so.(Lag saam)

O55/A2: Dis goeie raad ek hou daarvan.

D55/A2: Die ander ding is mens moet vertrouwe in jou maar hê wat by die huis agterbly om die huishouding te kan hanteer. Met die huishouding bedoel ek finansies alles! Dinge moet kan aangaan al is jy nie daar nie, jy het nog steeds 'n baie belangrike rol om in daai persoon se lewe te speel en is nog belangrik maar hulle moet kan aangaan sonder jou vir daai vier maande. Hulle moet kan cope sonder jou vir daai vier maande, dit is dank die Vader nie 'n

permanente tipe ding nie. Maar jou sake moet gerêel wees voordat jy oorgaan. En jy moet vertrouwe kan hê in jou maat ten opsigte van (Klein laggie) finansies veral! Want dit is 'n ding wat baie groot moeilikheid veroorsaak.

O56/A2: Ek wonder of ons meeste moeilikheid nie amper op daai vlak lê nie?

D56/A2: Meeste egskedings is as gevolg daarvan. Die ander ding is, wat ek ook in die vorige onderhoud gesê, het kommunikasie is bitterlik belangrik. Mens moet gereeld met mekaar kan gesels al is dit net vir dertig sekondes in die oggend en vir 'n minuut in die aand want mens het nodig om daai kontak te behou want die mense wat hierdie kant agterbly is bekommerd oor jou. Hulle weet nie of jy 'n bed het om in te slaap nie, hulle weet nie wat die situasie regtig is nie. Hulle skakel miskien die televisie aan en sien daar is oproere in die DRK en al is dit nie eers naby aan jou nie is julle onmiddelik bekommerd. So jy weet, dit is baie belangrik om gereeld met hulle te kan kommunikeer. En julle moet ook verstaan, nou van die huis se kant af dat daar nie...die telefoondiens en goed is nie altyd op nie. So as daar dan 'n onderbreking in kommunikasie is vir 'n dag, ek dink ons langste was vir drie dae gewees, dan is die sataliete miskien af, of die Vodakom torings werk nie of wat ook al. Maar ek sal sê gereelde kommunikasie is uiters belangrik.

O57/A2: Ja, en party plekke het net nie daardie vermoë nie.

D57/A2: Nee, ongelukkig. Yes. Ander klein dingetjies dit help as mens fotos in jou sakkie plak en jy sit dit daar teen jou muur op. Jy stap in en dit voel darem of jy by die huis is. Mens moet jou eie musiek saamvat, jy gaan nie jou eie musiek daar geluister kry nie. Dit is alles Afrika musiek!

O58/A2: Dink jy dat ons mense meer gerat gaan word, dat ontplooiings makliker gaan word? Met die stygende moontlikheid van ontplooiings of gaan mense nie meer wil gaan nie? Onthou jou aanvanklike ervaring was ek wil nie meer gaan nie en nou sê jy, jy sal dit selfs weer oorweeg. Ek kry half die gevoel veral onder die caregivers, dokter, dominees, julle dat (word met positiewe entosiasme onderbreek)

D58/A2: "n Negatiewe ervaring!

O59/A2: Ja, dat hulle dit negatief ervaar en nie meer wil gaan nie. Gaan ons daai probleem wen of nie?

D59/A2: Ek dink dit gaan op 'n stadium moeiliker raak om te ontplooi mense is nou nog baie keun om te gaan die geld is nog goed en die ervaring is nog 'n relatiewe nuwe ding. Ek meen almal het nou nog nie 'n kans gekry om te gaan nie. Maar ek dink op 'n stadium gaan mense moeg raak vir dit! Want dit is nie maklik om elke jaar vir byvoorbeeld drie maande van jou huis of weg te wees nie. Of elke tweede og derde jaar weet jy jy gaan nou vir drie of vier maande in Gatsrand gaan sit en jy moet al die dinge by jou huis los en daar gaan sit net omdat jy vir die Weermag werk. So ek dink dit gaan op 'n stadium 'n probleem raak en ek dink die feit dat die support stelsels van die weermag se kant af nie regtig so goed ontwikkel is nie gaan dit krissise begin veroorsaak. En as mens vat dat die mense wat agterbly het meer negatiewe ervarings van ontplooiing as wat hulle positiewe ervarings het. Die enigste positiewe ervaring is die finansiële gewin. Dit is die enigste positiewe ding wat ek regtig kan se staan uit.

O60/A2: So om en by tien duisend rand 'n maand?

D60/A2: Die ander goeters is ek moet allen cope, ek weet nie hoe om besluite te neem nie. Ek is misj\kien nie opgewasse daarvoor nie so daar is 'n klomp negatiewe dinge. En dan is daar net die een positiewe ding wat regtig uitstaan. So ek dink die soldate se mense wat agterbly gaan meer en meer begin druk op hulle uitoefen om nie te gaan nie! Dit is my persoonlike opinie.

O61/A2: D is daar enigeiets anders wat jy nou aan kan dink?

D61/A2. Nee nie nou nie.

O62/A2: Ek gaan dan nou weer ons gesprek uittik, en dan uittreksels van die gesprek met die ander deel.

D62/A2: Ja dit is 'n lang gesprek. (Lag)

O63/A2: Nee nie net omdat dit 'n lang gesprek is nie, maar om meer op die ontplooiing te fokus en omdat jy dalk nie wil hê ek moet alles vir hulle wys nie. Byna om 'n opsomming te maak en te sê dit is die kern goed wat ons vir mekaar gesê het.

D63/A2: Sekeregoed uitlig!

O64/A2: Die idee is dan dat jy weer van die ander se goed gaan kry en dat jy dan kan sê "O Ja ek hou hiervan of nee,of hiermee stem ek glad nie saam nie".

D64/A2: Ja, yes.

O65/A2: So as daar sekere goed is waarmee almal baie sterk saamstem gee dit tog 'n aanduiding dat die dinge dalk in daai rigting beweeg maar as dit net jy is wat dit sê, dan sien ons dat dit dalk beter vir jou gewerk het as wat dit vir 'n ander ou gewerk het!

D65/A2: Yes. Net iets wat ek dalk kan bysit?

O66/A2: Asseblief.

D66/A2: Toe ek daar was het ons 'n hoëvlak besoek gehad . CJOPS was daar gewees. En daai ouens kom in vir 'n week en hulle vlieg weer uit. Hulle vlieg kommersieel so dit is regtig baie gemaklik. Dan kom hulle daar aan en dan sê hulle vir mens "Jy is bevoorreg om 'n aircon in jou kamer te hê! En om elke dag kos te hê om te eet." Maar ek dink nie hulle verstaan regtig die frustrasie nie. Nie dat hulle noodwendig iets daaraan kan doen nie maar miskien net 'n poging aanwend om 'n bietjie meer uitteik na die soldate toe, en bietjie te sien daarsy.

O67/A2: Jy sê nou in woorde wat uit al die onderhoude kom. Hulle kom met 'n amper arrogante houding daar ingestap en vir hulle is dit 'n jolig vir 'n dag of drie. Jy praat nou van 'n week die meeste ander praat van 'n dag of twee.

D67/A2: Ja, Ja, dis reg (Tussendeur)

O68/A2: Dan maak hulle 'n paar opmerkings en sweeping statements en almal moet vreeslik bly wees om hulle te sien en dan vlieg hulle terug huis toe. En hulle het geen begrip vir die langtermyn wat dinge opbou. Of hulle het self dertig jaar terug ontplooi

D68/A2: En nou dink hulle hul weet alles!

O69/A2: En nou is die geheues nie meer so goed nie, en hul onthou net die lekker dinge en romantiseer soms die ontplooiing.

D69/A2: Dis reg ja. Dis feite!

O70/A2: Hoe langer jy weg is hoe meer positief is die herrineringe! Soos basies hoe langer terug dit was hoe meer het mense dit geniet en hul slegte ervarings vergeet.

D70/A2: Dit is so maar, (Lag) as ek dink aan my 7 eie basies is fine ek wil dit net nie weer oordoen nie!

O71/A2: Ek hoor vir jou en ek stem saam. Ek wil vir jou sê baie dankie ek is veral bly dat jy dit positief beleef het. Dit is vir my wonderlik dat... dit is een van die goed waarop ons moet reageer wat het dit vir jou beteken? So die feit dat dit vir jou 'n goeie ervaring is maak dit vir my makliker! En ek moet daarna spesifiek gaan kyk wat is die ervaring wat jy daarvan gehad het. Die meeste het ook gesê die ervaring het skielik ook baie sterk teruggekom.

D71/A2: Ja is so.

O72/A2: Party het selfs weer gehuil oor ervarings so ver as twee/ drie jaar terug.

D72/A2: Sjoue dan moes dit vir hulle erg gewees het!

O73/A2: Hulle het gesê hulle het nie besef dit is nog so rof op hulle nie. Maar net om dit weer uittekry en nuwe perspektief te kry dink ek is positief.

D73/A2: Sjoue.

O74/A2: Ek wonder of ons de-briefing sessies na die tyd effektief is? Ek wonder of mens dit nie dalk 'n maand of twee later ook moet doen nie.

D74/A2: Die de-briefing wat hulle daar doen by deMob en so is baie kort en kragtig. Jy gaan in en jy sit en gesels met die sielkundige, so tien minute.

O75/A2: Maar jy wil dan huis toe gaan?

D75/A2: Nee dit word nog steeds in die missie area gedoen. Hulle doen dit daar want hulle weet as die ouens hier kom wil hulle nie meer praat nie. Ek meem as my mense hier buite vir my wag wil ek nou RY!

O76/A2: Ek stem saam.

D76/A2: So dit is 'n baie kort en kragtige storie en ek voel as ek dink aan my demob dit was volatile want die MP wat daar was het my negatief ervaar

omdat hulle gedink het ek is in cahoets was met ons bevelvoerder wat daar was. En hy is toe op die ou einde van die dag gevra om nie meer bevel te neem nie oor al hierdie dingetjies en goetertjies. Daar is baie agtergrond oor dit. Uhm ek het my demob geweldig negatief ervaar. So jy weet ek het gevoel "Man gaan net weg!" So ek dink ook dat dit nie baie effektief hanteer was nie. So.

O77/A2: Wil dit net klaarkry?

D77/A2: Ja. Just get it over with want ons wil nou huis toe gaan.

O78/A2: Maar dit is ook nie so maklik nie. Hoe sou hul dit beter kan doen?

D78/A2: Ek weet nie, ek dink net ons mede kollegas ons mede soldate moet net beseef dat ons nie in 'n baie maklike posisie is nie. Ons is veronderstel om absoluut ten alle tye altyd objektief te bly. Maar dit is nie altyd so maklik nie.

O79/A2: So jy moet die perfekte mens wees. Mag nie eers kwaad word nie? Geen menslike emosies hê nie?

D79/A2: Ja, dis reg. Jy weet mense dink jy moet op hierdie absolute level funksioneer maar dit is nie vir jou moontlik om elke dag so te funksioneer op daai vlak nie. Dit is net te moeilik want jy is net 'n mens!

O80/A2: En deel van ons krag lê juis by die feit dat mense ons respekteer en dat hulle sekere verwagtinge het van ons en ons daarom vertrou hulle ons. Maar deel van ons pyn lê op presies die selfde plek.

D80/A2: Ja, Ja. Dit is so.

O81/A2: Ek dink dit is baie goed raakgevat daar. Baie baie dankie.

D81/A2: Dit was 'n plesier.

Annexure B Co-researcher B Interview 1: I was emotionally abused

Interviewer = I

Respondent = R

B = Indicate Second Co-researchers

First numbers indicate that it is the Co-researcher's first conversation

The second number indicate the amount of questions or responses

IB/1-1: Just to confirm, you don't have a problem that I tape it?

RB/1-1: No.

IB/1-2: And you are willing that I can utilize the information!

RB/1-2: Yes.

IB/1-3: Thanks. The question that I would like to ask you is about deployment and coping with it! And I would like you to give me some background of your experiences of during deployment.

RB/1-3: (Small laugh) Ohm, It was not an easy deployment! I can say that, and coping, you just have to. I have realized you just have to help yourself to cope. Because the support system is not there, it is there but it is not functional. So I... most of the things I had to cope with them on my own! And instead of getting support you will get a hammering! So...

IB/1-4: A hammering?

RB/1-4: You will get someone to say why this why that? And not being supportive at all. So for me to cope I had to keep myself busy with a lot of stuff and just being involved with the troops just being involved with the community.

IB/1-5: So by working hard you kept yourself busy?

RB/1-5: Exactly! (With emphasis). Because if I could just see them and relax, that is when I was going to now take the whole deployment very negatively. But you have to be creative as to how you can go about.

Because if you don't have a computer, how are you going to do your work. You have to be creative you have to think hard.

IB/1-6: If you talk about a computer, do you mean there was a lack of resources as well?

RB/1-6: For me there was not a lack, there was NOTHING at all! I arrived in a mission area without an office, without a computer, without a vehicle, and I was the contingent chaplain! So I had sub units, I had a battalion, you have to go to your battalion, and it was not so much you have to be called. For weekly there is a convoy that goes down there, but I meant to go to the sub-units, to go to the VIP protectors outside, the static guards. I really struggled. And no communication line, it also affected my services.

IB/1-7: The communication lines are that internally in the deployment area or externally to South Africa, or with the OC?

RB/1-7: Oh, on all levels, because if I have to communicate with my subordinate in the battalion, I cannot communicate over the radio, because everyone listens to the radio. We use the same channels so everyone is going to hear. Sometimes it is confidential messages I cannot just talk over the radio, but up until the fourth month I was without a cell-phone. And every time I am just told there are not enough resources. But I fail to understand that...eh, eh, being in the position that I was in, how can't I at least have basics. That an office can be run, a telephone at least even a computer even if you don't have a printer you can print from other people, but at least a computer! You type reports; you type motivations for members, for the members and that is something that is confidential! You cannot work on other people's computers, and leave work there. In Burundi you cannot work from a laptop for more than two weeks, because of the weather there, it just goes off. You can only use it twice, but the third time you put it in a computer it is no longer working! So even if you are not even provided by... with a memory stick. So I really was NOT supported. And I was not even supported by my division in South Africa. For them I was like too demanding, and I don't think anyone, not even up to today have even listened to my story! Or ever tried to be involved or to assist or just help me or just to ask me what is exactly going on? No one. NO one not even my superiors even up till today, it is something that happened more than two years ago but no one even up till today have come to me, not even to say thank you for availing yourself to go on this deployment! NO ONE, and monthly I was sending my monthly reports, not even a single person, Nothing! Except people that I am working with in the Air Force, those other people nothing!

(Telephone starts ringing, after the second No one but she simply ignored it and continued enthusiastically, until the phone stops ringing, then her cell phone starts ringing! No! She excused herself and answered the call)

IB/1-8: So what you are saying to me is that, even though you have sent in all these reports, and after you returned nobody have ever discussed it with you? It is only your own support system your own friends or your own colleagues that sort off had a discussion with you but never on any official level?

RB/1-8: Exactly!

IB/1-9: Because I know we had some chats, and I remembered that you were very upset and that you were hurt. And if I look at you today I can still experience pain there.

RB/1-9: I am still hurt, and I become very emotional when we talk about deployments, because it is easy to say we come into the system voluntarily and after that we cannot volunteer to do the job. You just have to take instructions, if you have to do the job.

And I love my job but ... in this deployment I was emotionally... actually I was emotionally abused, because people who was supposed to be supporting me were the people who were emotionally abusing me! (Very serious tone)

IB/1-10: So the support from senior members, this is what I am hearing, that was the main thing, they were emotionally abusing you? That is strong words?

RB/1-10: Yeah, I know it is strong words and it might sound like allegations but it is not! You must understand that when you deploy you are now falling temporally under the deployment diffusions. You are no longer under your service diffusion! So it was like that also for me, I had new bosses, I had to report to, for that duration, but nothing really was happening, no support! I ever got from them, NOTHING! I fought my own battles; I was alone, totally alone! Except the support of my colleague, that I was deployed with. He was also experiencing the same things, but because he was a man he will try to be strong just to support me. But he also went, almost through the ...that ... that experience that I went through. But mine I think was worse, it was worse! You can imagine if you are a councillor and you don't have an office to work from! I had to counsel the people from my tent; you cannot sit in a tent during the day with the temperature of 45 degrees in Burundi. I had to sit outside and I feel that I betray my members, because it is not confidential, it is not private to sit outside with a member!

IB/1-11: What was your reason for going? Did you volunteer? How did the whole thing develop that you went to Burundi?

RB/1-11: It was my wish also to serve externally! Our president, the countries president once said how could we have peace if our neighbours doesn't have peace?

IB/1-12: Absolutely!

RB/1-12: That statement touched me to say, but if I am saying I am peaceful, I have to see that my other neighbors around the African continent are also at peace! For me it was not money stories, but it was for exposure and for playing a part in that peace of Burundi! I also want one day to say really, I also went to Burundi!

IB/1-13: I understand that, I felt like that after my deployment to Lesotho, with their election now I felt proud that it went well, because I was there and it felt as if you made a difference.

RB/1-13: Yes, yes. So that was my motivation. And also...looking and hearing all the stories, that they are like this they are like this. I like to be involved in a community project and I knew that my presence even if it is won't be for a long period but my presence will leave same legacy for the women especially in Burundi, and that is what I am sure off. (Silence) That at least in those difficulties in that calamities, I was able to reach something out of that negative as a caregiver I was able to come out of it with some amount of positive.

IB/1-14: If I listen to you I can see that you feel proud of what you have accomplished there, so would you say that, that ability to keep on working and doing a good job was part of your coping skills in a sense?

RB/1-14: Exactly! Because I didn't want to see myself just sitting around, I was not running away from the actual problem but I wanted to keep myself busy, so that I don't dwell to much on what is happening around, I would go out and do the feeding schemes, go out to do this and that, at the locals churches and that for me was a motivation it was keeping me busy it was helping me to cope and I also realized also as times go on I can not rely on the fact ... I do not have transport, because people were looking up at me, I was even invited to the International women's conference, for the great Lakes region and I felt proud that I am there and I am making a mark, and was able to talk to the women on that International conference just to say we in South Africa this is the steps we have taken. This is how far we are. So at least there were positive things that kept me going.

IB/1-15: I can see what you have mentioned is your work and being busy, and then you mentioned support from a colleague. What other support did you receive?

RB/1-15: I had support from the other Multi-professional team members we really work together very, very well together. So that was support especially from the social worker, that I was with the first three months, I received exceptionally well support, from her.

IB/1-16: That is great. What I am picking up is that when that multi professional team is working together it is a very strong team. But I don't pick up support from the Officer Commanding, from the structure and the system. My question is about support from home, what support did you receive from home, either from your Unit or from friends and family!

